BYBELSTUDIE OPENBARING LES 1.

1. Skrywer en tyd van skrywe.

In Openbaring 1:4,9 en 22:8 lees ons dat die skrywer van die boek Johannes is. Tradisioneel is aanvaar dat dit die seun van Sebedeüs was [Matt.4:21], die latere apostel wat ook verantwoordelik was vir die Johannes-evangelie en die drie Johannes Briewe. Die probleem is dat die apostel Johannes, volgens tradisie, reeds in 70 n.C. dood is terwyl Openbaring eers in ongeveer 95 n.C. geskryf is. Daarmee saam het Openbaring ’n ander styl as byvoorbeeld die Johannes-evangelie. So word daar in Openbaring en in die Evangelie verskillende woorde vir dieselfde saak gebruik [bv. lam]. Dieselfde woord word ook verskillend gespel [bv. Jerusalem]. Op grond hiervan aanvaar heelwat kenners dat ’n ander Johannes Openbaring geskryf het en dus nie die apostel nie. Wie was hierdie Johannes? Hy was ’n dienaar van God [1:1] en ’n meelewende gelowige [1:9].

Wat wel belangrik is, is dat Openbaring in 1:1 beskryf word as “die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het”. Die boek is dus van hemelse oorsprong. Dit is nie maar deur ’n mens uitgedink en geskryf nie. God praat uit die hemel met sy dienaar. So lê die gesag van Openbaring nie in die persoon wat die boek geskryf het nie, maar in die openbaring wat die skrywer van Jesus Christus ontvang het. Daarom is die werklike skrywer van Openbaring God self.

2. Die eerste lesers en hulle wêreld.

Johannes skryf aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. Hierdie gebied en omgewing was onder Romeinse beheer. Uit die aard van die saak was die Christelike godsdiens in die Romeinse gebied onwettig en is hulle beskou as ’n Joodse “sekte”. So het die Christene geleef in ’n omgewing waar heidense simbole, vrugbaarheidskultusse en keiserverering hoogty gevier het. Wat alles moeiliker gemaak het, was die heidense geloof dat al die aardbewings, hongersnood en siektes wat die aarde getref het, die Christene se skuld was. Hulle gode was kwaad en het hulle op die mense gewreek. Die gevolg is dat die Christene geblameer is vir alles wat sleg is.

So het dit gebeur dat die Christene eenvoudig nie tuis was in die heidense omgewing van Rome nie. Op die wyse het ’n nuwe euwel sy kop uitgesteek: om te oorleef het die Christene al hoe meer kompromieë met die heidene aangegaan. Moontlik was die Nikolaïete [2:6,15], Bileam se volgelinge [2:14] en Isebel se aanhangers voorbeelde van sulke kompromieë. Ter wille van hulle ekonomiese en sosiale oorlewing het hulle afgodsoffervleis geët en aan onsedelike praktyke deelgeneem.

Het Rome die Christene vervolg? Die antwoord is ja, nie altyd openlik nie, maar dikwels subtiel. Daarom vind ons in Openbaring uitdrukkings soos “verdrukking” en “volharding” [2:9,10,19,25; 14:12]. In 6:9 lees ons van gelowiges wat doodgemaak is “omdat hulle aan die woord van God en aan die getuies van Jesus vasgehou het”. Hieruit is dit duidelik dat die Christene aan vervolging blootgestel is.

3. **<u>Die tipiese kenmerke van Openbaring</u>**.

Dit word gou duidelik dat Openbaring ’n boek van besondere aard is. Die diere en drake en eienaardige getalle en vreemde dinge wat gebeur laat ’n mens terugdeins om die boek te lees. Of nog erger: eensydige opvattings oor Openbaring word geskep wat meer verwarring bring as iets anders – soos die volgende:

- ♥ Openbaring handel net oor die toekoms!
  Nee!
  Openbaring handel oor die hede en die toekoms. Dit bemoedig Christene wat nóú na die toekoms op pad is.
- ♥ Openbaring voorsien ons van ’n mistieke tydtafel vir die eindtyd en die eindgebeure!
  Nee!
  Die simboliese getalle en taal van Openbaring het ’n teologiese betekenis. Dit kan nie gebruik word om byvoorbeeld Christus se wederkoms te voorspel nie.
- ♥ Die verstaan van Openbaring is net vir teoloë en predikante bedoel om te verklaar!
  Nee!
  Openbaring is bedoel vir alle gelowiges. In die oënskynlik ingewikkelde beeldspraak en simboliek lê die eenvoudige evangelieboodskap van God se verlossing verpak.

Hoe moet ons Openbaring lees en verstaan?

<u>Openbaring is ’n profesie [1:3]</u>.

Openbaring se gesag lê daarin opgesluit dat dit van God af kom. Dit het ooreenkomste met die Ou-Testamentiese profesieë [bv. Jesaja en Jeremia] en met die briewe van Paulus [bv. 1 Tess.2:13]. Dit lyk dus asof ’n mens Openbaring ook as ’n profesie kan beskryf.

Maar presies wat is ’n profesie? Dit is nie bloot ’n voorspelling van die toekoms nie – alhoewel dit ook wel elemente bevat wat kan aandui wat ’n mens in die toekoms kan verwag. Die hoofsaak van ’n profesie is dat jy die hede moet verstaan. So trek ’n profesie dus die lyne van die verlede af deur na die hede en lei

dit tot die toekoms. So gee Openbaring leiding aan die gelowige om die groot lyne van God se dade in die verlede te verstaan, in sy hede toe te pas en met vastigheid die toekoms tegemoet te gaan.

<u>Openbaring is ook ’n apokalips [1:1]</u>.
Maar wat is ’n apokalips?
’n Kort opsomming kan soos volg geformuleer word:

- ’n Apokaliptiese geskrif bevat ’n openbaring of ’n onthulling.
- Dié openbaring word deur ’n bonatuurlike bemiddelaar, byvoorbeeld ’n engel of, in die geval van Openbaring, deur Jesus Christus, aan ’n aardse ontvanger gegee.
- Die ontvanger is gewoonlik ’n siener of ’n dromer.
- Die inhoud van die openbaring is verlossing uit die huidige bose wêreld.
- Verlossing kom nie voort uit hierdie wêreld nie, maar van buite hierdie wêreld.

Teen hierdie agtergrond kan ons nader na Openbaring as apokalips gaan kyk. Loshande is Openbaring die vreemdste boek in die Bybel. Dink maar net aan die verskillende beelde waarvan daar sprake is:

- Sprinkane wat soos perde lyk, met krone op hulle koppe [9;3ev].
- ’n Vrou wat die son as ’n rok aan het, wat op die maan staan en ’n kroon met twaalf sterre op haar kop dra [12;1-2].
- ’n Vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, wat soos ’n luiperd lyk, maar met pote soos ’n beer en ’n bek soos ’n leeu [13:1-2].

Inderdaad ’n vreemde wêreld wat hier geteken word. Ons noem hierdie soort literatuur “Apokaliptiek”. Dit kom van die Griekse woord wat onthulling, blootlegging of bekendmaking beteken. Ons kry hierdie soort literatuur ook in die Ou Testament byvoorbeeld Daniël, Jesaja 24-27, Esegiël 38-39 en Sagaria 9-14. Apokaliptiek kan met profesie vergelyk word. Daar is ooreenkomste maar ook verskille. Net soos profete, glo die apokaliptici dat hulle ’n boodskap van God ontvang. Maar waar die profete uitgaan van ’n natuurlike, historiese wêreldbeeld, werk die apokaliptici met ’n bonatuurlike wêreldbeeld. Hierdie bonatuurlike wêreldbeeld val natuurlik buite hulle ervaring. Daarom het die skrywers van die apokaliptiese geskrifte hulle taal ook heeltemal verander. Van die direkte beskrywings van die profete word oorgegaan in beelde en simbole. Maar omdat die werklikheid wat dit moes beskryf so buite die gewone ervaring is, het hulle beelde en simbole gebruik wat heeltemal onwerklik is. Om ’n voorbeeld te gebruik:

> *Indien president Paul Kruger 'n reis na die maan moes beskryf, sou die enigste vaartuie waarvan hy geweet het, skepe en ossewaens en perdekarre wees. Hy sou waarskynlik 'n perdekar kies omdat dit die vinnigste was. Maar dan sou hy die beeld van perde gebruik het wat geweldige lang bene het en soos blits deur die lug kon hardloop.*

Op dieselfde wyse skep Openbaring 'n simboliese denkwêreld. Die bedoeling hiervan is dat die leser as't ware uit die moeilike omstandighede uitgelig word om uit 'n ander, hemelse werklikheid na die aardse omstandighede te kyk. 'n Mens kyk as't ware "van bo af" na alles op die aarde. Waar die gelowige hom ook al bevind, kan hy die boodskap van Openbaring toepas.

<u>Openbaring is ook 'n brief [1:4-6]</u>.
Dit is gerig aan die sewe gemeentes in Klein-Asië [1:11]. Die volgorde waarin die gemeentes in Openbaring genoem word, hang saam met die roete wat die boodskapper gevolg het. Volgens die algemene gebruik van daardie tyd is die brief Openbaring aan 'n bepaalde adres gerig: die gemeentes in Klein-Asië. Dié sewe gemeentes verteenwoordig die universele kerk. Die situasies in die genoemde sewe gemeentes is dus voorbeelde van moontlike situasies in die kerk as geheel.
Maar elke briefboodskap aan die sewe gemeentes moet ook gesien word as 'n inleiding tot die brief Openbaring as geheel. Die gemeente in Efese, byvoorbeeld, sou 2:1-7 gelees het as inleiding tot die res van die brief Openbaring.

4. **<u>Die betekenis van die simbole</u>**.

Openbaring is vol simbole. Daar is 'n aantal gevalle waar Johannes self die betekenis van sekere simbole gee:

- ♥ Openbaring 1:20 –
  Die sewe sterre is die sewe leraars [die engele] en die sewe lampe is die sewe gemeentes.
- ♥ Openbaring 5:6 –
  Die sewe oë van die Lam is die sewe geeste van God.
- ♥ Openbaring 5:8 –
  Die wierook is die gebede van die heiliges.
- ♥ Openbaring 17:9-14 –
  Die sedelose vrou ry op 'n dier met sewe koppe en tien horings [17;3]. Die sewe koppe is sewe berge én sewe konings. Die tien horings is nog tien konings.

♥ Openbaring 17:15-18 –
Die vrou bly by baie waters [17:1] en die waters is volke en stamme, nasies en tale. En die vrou is die groot stad op die sewe berge.

♥ Openbaring 19:8 –
Die fyn klere wat die bruid aanhet, is die regverdige dade van die gelowiges.

Maar dan is daar weer heelwat simboliek in Openbaring wat op die oog af nie so duidelik is nie. Waar kom hierdie simboliek vandaan? Heelwat van die simboliek in Openbaring kom uit die Ou Testament, asook uit Persië en Babiloniese mitologieë.

Johannes gebruik veral drie soorte simbole:

❖ Allegoriese simbole:
So word die tempel wat in hoofstuk 11 "gemeet" moet word, vergeestelik en verstaan as die kerk van gelowiges. 'n Ander voorbeeld is die getal 666 [13:18]. Om te sê dat dit na Nero verwys is waarskynlik korrek. Maar dit is ook simbolies van die Antichris wat in die eindtyd teen God en Christus opstaan.

❖ Fatiese Simbole:
Fatiese simbole word gebruik om die grootsheid van 'n saak deur allerlei simbole te illustreer. So lees ons in 12:1 van die verwagtende vrou wat op die punt is om geboorte te gee aan die "manlike kind". 'n Reeks fatiese simbole kleur haar in: die son as kleed om haar, die maan onder haar voete en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre. By 'n fatiese simbool kan ons nie by elke afsonderlike simbool 'n betekenis toeskryf nie. Die klem val op die geheelbeeld: die grootsheid van die vrou se verskyning.

❖ Getallesimbole:
Getalle speel 'n belangrike rol in die verstaan van Openbaring. 'n Mens moet net versigtig wees om nie betekenis in getalle af te dwing nie. Die konteks moet dit natuurlik aanbied.
Die volgende getalle word simbolies verstaan:

- 2: getuienis [11:13].
- 3: die getal van God.
- 4: skepping en geskape heelal [die 4 wesens; 4 hoeke van die aarde].
- 6: die mens se getal. Dui op die onvolmaaktheid van die mens [7-1=6].
- 7: volledigheid of volmaaktheid [7 gemeentes; 7 geeste ens.].
- 8: een meer as die volmaakte getal. Dit is die getal vir Jesus. Volgens oorlewering: 888.
- 10: afgerondheid, soos die 10 vingers van albei hande. Dit kom voor in die dae lange verdrukking, die draak se 10 horings, ens.

- 12: die prominente getal vir die volk van God of die kerk. Die vrou is met 12 sterre gekroon; die 12 poorte van die nuwe Jerusalem; die 12 apostels, ens.
- 3½: dit simboliseer vervolging en onderdrukking van God se eiendom en gryp terug na die 3½ jaar voor Christus waartydens Antiochus iv [van Assirië] die volk van God geteister het. Word ook aangedui met 1260 dae of 42 maande.

Simboliek moet in konteks verstaan word. So kan "woestyn" meer as een betekenis hê. In hoofstuk 12 is die woestyn die toevlugsoord vir die vrou [kerk] en haar nakomeling, maar in 17:1 en verder is dit die woonplek van die duiwels.

5. **Die hooftema en die doel van Openbaring**.

Met die eerste deurblaai van Openbaring, voel dit asof daar geen koers of rigting in hierdie boek te vind is nie. Maar wanneer 'n mens bietjie moeite doen, kom jy tog af op 'n paar opvallende verskynsels. Soos die versameling van sewes wat baie prominent na vore kom:

- Sewe briewe
- Sewe seëls
- Sewe trompette
- Sewe bakke ens.

Dat hierdie groeperinge van sewe meer as die helfte van die boek dek, sê klaar dat dit belangrik is.

Verder vind ons 'n bepaalde oorvleueling tussen die trompette [hoofstuk 8-9] en die bakke [hoofstuk 16]:

Trompette:	Bakke:
Aarde	Land [Dieselfde Griekse woord as vir aarde].
See	See
Riviere	Riviere
Son, maan, sterre	Son
Onderaardse diepte	Troon van die dier [wat in die onderaardse diepte is]
Eufraatrivier	Eufraatrivier.

Dit is opmerklik dat 'n derde van alles in hoofstuk 8-9 getref word maar in hoofstuk 16 word alles getref. Hierdie beginsel van herhaling of intensivering, kry ons meer kere in Openbaring. Dit kom byvoorbeeld ook sterk na vore wanneer 'n

mens die eindoordeel-visioene [vgl. 6:12-15,17 met 20:11-15] en die heerlikheid-visioene [vgl. 7:14-17 met hfst.. 21-22] van nader bekyk. So openbaar die boek ’n herhalingstruktuur met groterwordende klem.
Sake wat deurgaans herhaal word:

- Dieselfde simbole: bv. die wit kleur.
  Dieselfde beeldspraak: bv. die troon.
  Dieselfde getalle: bv. 3,4,7,10,12.
- Dieselfde begrippe: bv. Alfa en Omega, die Oorwinnaar. Hier is dit weereens belangrik om raak te sien dat die eindoordeel op verskillende plekke beskryf word [6:12-17; 9:13-21; 16:17-21; 18]. Na elke klem op die eindoordeel word die leser egter verseker van die oorwinning van God. Dit help die gelowiges om te volhard.
- In Openbaring val die klem deurgaans op die goeie teenoor die slegte:
  ’n Lam en ’n vreesaanjaende dier;
  ’n Vrou en ’n draak;
  ’n Bruid en ’n hoër;
  Jerusalem en Babilon.
- Na die briewe in hoofstuk 3, m.a.w. – vanaf hoofstuk 4 tot en met hoofstuk 21, vind ons ’n spiraal wat deurlopend wissel tussen oorwinning aan die eenkant en probleme aan die ander kant:
  4:1-5:14 – oorwinning en hoop
  6:1-17 – probleme
  7:1-8:4 – oorwinnende menigte
  8:5-9:21 – probleme
  10:1-11:1 – hoop uit die hemel
  11:2-14 – probleme
  11:15-19 – oorwinning en hoop
  12:1-13:18 – probleme
  14:1-7 – oorwinnende skare
  14:8-15 – probleme en oordeel
  15:2-8 – oorwinning en hoop
  16:-18:24 – probleme en oordeel
  19:1-16 – oorwinning en hoop
  19:17-20:15 – finale oordeel
  21:1-22:5 – finale oorwinning en vreugde.

Deur al hierdie gegewens loop daar egter drie duidelike lyne wat deur Openbaring loop, naamlik:

♥ God heers.

♥ Daar is konflik tussen God en die Bose.
♥ Die mens word direk hierdeur geraak.

1. <u>God heers</u>.
   Die hoogtepunt van God se heerskappy is alles wat Hy in Christus gedoen het en reeds doen. Aan die een kant is dit Christus wat reeds as Lam oorwin het en dit is Hy wat uiteindelik die magte van die Bose vernietig.
2. <u>Konflik tussen God en die Bose</u>.
   Openbaring is natuurlik in die tyd van die Romeinse regeerders geskryf en hulle is die eerste mag met wie die Christene gebots het. Maar in Openbaring gryp hierdie botsende magte dieper en wys dit ook op God en die Bose. Uiteindelik is dit Jesus Christus wat die Bose oorwin.
3. <u>Die mens word direk geraak</u>.
   In Openbaring word die kerk deur die eeue heen bemoedig, maar ook vermaan. Openbaring trek nie maar net die groot lyne ter wille van die interessantheid daarvan nie. Die gelowiges moet juis hoor wat die Gees aan die gemeentes sê [2:7ev]. Op die wyse gee Openbaring praktiese riglyne vir die gelowige oor hoe volhard moet word.

Maar hoe verloop hoofstuk 1-22 van Openbaring? Met die deurlees van die boek word die volgende vir ons duidelik:

- Volgens hoofstuk 1-11 val die klem op die verheerlikte Christus se plek en rol in die proses van verlossing en oordeel oor die kerk en die wêreld.
- In hoofstuk 12-22 maak die draak, die antichris en die vals profeet oorlog teen die gelowiges in die verloop van die geskiedenis.
- Die breuk tussen hoofstuk 11 en 12 is opvallend. Hoofstuk 11 sluit af met die uitspraak:

> *Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde.*

God se alleenheerskappy word dan in hoofstuk 12-22 in die gang van die geskiedenis ontplooi.

Teen hierdie agtergrond kan die hoofstukke van Openbaring soos volg ingedeel word:

♥ Hoofstuk 1-3:
  God is deur die verheerlikte Christus **in die kerk** teenwoordig.
♥ Hoofstuk 4-11:

God ontplooi verlossing en oordeel **in die wêreld** deur die Lam wat die seëls van die boekrol oopmaak.

♥ Hoofstuk 12-22:
God ontvou verlossing en oordeel **in die geskiedenis**, wat uitloop op die vernietiging van Babilon en die nuwe Jerusalem.

LET OP:
In elke afdeling ontplooi God verlossing en oordeel. Hy doen dit op grond van die offer van die Lam, Jesus Christus. In hoofstuk 1-3 is God gerig op die kerk, in hoofstuk 4-11 in die wêreld en in hoofstuk 12-22 op die geskiedenis.

Ons kyk nader na die onderskeie indelings.
Hoofstuk 1-4.
Die drie-enige God [1:4-5] praat met die gelowiges op grond van Christus se verlossingswerk [1:5]. Christus is die Verheerlikte wat midde-in sy kerk leef [1:12-13]. In die sewe briewe, ontmoet die verheerlikte Christus die gemeentes. Elke gelowige gemeentelid herken hom- of haarself in elke boodskap. Die briewe aan Efese, Pergamum en Tiatira waarsku teen vals apostels, afgodery en allerlei kompromieë met Bileam, Balak en Isebel. Die "sinagoge van Satan" in Smirna en Filadelfia word veroordeel. Sardis se doodsheid [3:1] en Laodisea se louheid [3:16] is onaanvaarbaar. Die gemeentelede moet onwrikbaar getrou bly aan Christus [2:5, 10, 16, 25; 3:3,11 ,20]. So word God se alleenheerskappy op aarde erken en gevestig.
Hoofstuk 4-11.
Ons kry 'n visioen waar God op die troon sit [4:1-2] omring deur sy skepping [die vier lewende wesens] en die gelowiges [24 ouderlinge]. God word as Skepper geloof. Alles het deur Hom ontstaan [4:1-11]. In die volgende hoofstuk word God en die Lam geprys omdat hulle verlossing gebring het [5:1-14].
Wanneer die boekrol [die gang van God se wêreldgeskiedenis] oopgemaak word, lei dit tot die sewe seëls. Dit ontplooi God se oordeel oor die goddeloses. Die eerste vier seëls [6:1-8] teken vier perderuiters wat vals profesie, oorlog, hongersnood en dood simboliseer. Met die vyfde seël roep die martelare om geregtigheid [6:9-11]. Wanneer die sesde seël oopgemaak word, tref 'n geweldige aardbewing die goddeloses.
Na hierdie oordeel, tree God se verlossing in fokus wanneer die 144 000 gelowiges as God se volle eiendom na vore tree [7:1-17]. God gee om vir sy eiendom. Hulle word verseker van hulle verloste status wanneer hulle voor die Lam in die hemel verskyn. Die sewende seël – 'n halfuur stilte in die hemel [8:1-2] – is die

dramatiese inleiding tot ’n reeks trompette. Die eerste vier trompette kondig God se oordeel aan oor land, see, waters en hemelruim [8:6-13]. Dit herinner aan die tien plae in Egipte. Die vyfde trompet [9:1-12] kondig die uitbreek van ’n sprinkaanplaag aan en die sesde trompet die uittog van die ruiters vanaf die Eufraatrivier om alles te vernietig [9:13-21]. Net soos na die sesde seël is daar ook na die sesde trompet ’n donker oomblik wat fokus op God se oordeel. Maar dan volg daar ’n verlossings toneel [net soos na die sesde seël] [10:1ev]. Johannes moet ’n boekie eet. Dit smaak soet in sy mond, maar word bitter wanneer dit in sy maag verteer word. Net so sal die ontvangs van God se boodskap aangenaam wees, maar die implikasies wat dit meebring sal veeleisend wees. Maar God beskerm sy eiendom [11:1-2]. En ons opdrag as God se eiendom? Om die boodskap van verlossing en oordeel aan die mense te verkondig [11:3-14].
Die sewende trompet neem ’n besondere plek in die verloop van Openbaring in. Hier word God as Heerser oor die wêreld geprys. Hy heers nou as koning [v17].
Hoofstuk 12-22.
God se alleenheerskappy in die verloop van die geskiedenis word nou ontplooi. Dit begin by die geboorte van Jesus Christus en eindig met sy wederkoms.
In 12:7-9 vind ons ’n belangrike gebeure in Openbaring. Satan word as verloorder uit die hemel gegooi. Van nou af sal die stryd om God se alleenheerskappy op die aarde gevoer word. In die stryd word die Bose verteenwoordig deur die draak [12:3, die dier uit die see [die antichris, 13:1] en die dier uit die aarde [die vals profeet, 13:11]. Die bose driemanskap veg om lewe en dood teen God en daarom ook teen die gelowiges op aarde. Die doen en late van die driemanskap is nogal vreesaanjaend. Daarom is die toneel in hoofstuk 14 wat die verlossing voorstel so bemoedigend. God se volle getal [144 000] staan as vrygekooptes saam met die Lam op die Sionsberg en sing die nuwe verlossingslied [14:1-5].
Hierteenoor volg die oordeelsboodskappe deur die drie engele [14:6-13]. Hulle kondig aan dat God as Skepper aanbid moet word en dat Babilon tot niet sal gaan.
Die finale reeks oordeelsvoltrekkings volg hierna in die beeldspraak van bakke gloeiende kole. Die inhoud word op die aarde uitgegooi [15:1-16:21].
Die slothoofstukke van Openbaring is kontrasterend opgebou. Aan die eenkant staan die sedelose vrou Babilon. Sy is simbolies van Rome [17:1-18]. Teenoor haar staan die bruid van die Lam [21:2]. Babilon word geheel en al vernietig [17:1-18]. ’n Belangrike moment breek aan met die bruilof van die Lam [19:5-10]. Die bruilof is ’n feesgeleentheid waar God se alleenheerskappy op die aarde gevier word.

Christus word op ’n besondere manier in Openbaring geteken. Hy is nie net betrokke by die skepping, verlossing en heerskappy nie, maar tree ook as regter op [19:11-21].
Die twee diere wat in diens van die Bose is, die antichris en die vals profeet, word lewend in die vuurpoel gegooi. Ook die Satan self word oorwin [20:1-6] en beland in die vuurpoel. Die res van die mense, lewend en dood, moet voor die groot wit troon van God verskyn, waar die finale oordeel bekendgemaak word [20:11-15]. Die nuwe Jerusalem daal uit die hemel neer en word verruklik geteken, simbolies van die volmaakte saamwees van die gelowiges met God en die Lam [21:1-22:5].

BYBELSTUDIE LES 1: HOOFSTUK 1:1-3.

1. LEES vers 1.
   “Wat hier volg is deur Jesus Christus geopenbaar”.
   Die Griekse woord wat vir openbaring gebruik word, is apokalipsis. Hierdie een woord verklaar die inhoud en die verstaan van Openbaring. Hoe sal jy hierdie woord verklaar? [gebruik die Bybel in Praktyk].

2. Wie is volgens u die werklike outeur van Openbaring? Waarom sê u so?

3. LEES vers 1 en 3.
   Maak ’n chronologiese lys van oordraers van die openbaring. Wat leer ons hieruit?

4. LEES vers 1.
   Openbaring handel oor “wat *binnekort moet* gebeur”.
   Die 1953 vertaling sê: “oor wat *gou moet* gebeur”.
   Hoe sal u hierdie woorde verklaar?

5. LEES vers 3, 22:10.
   In vers 3 word gesê: “Die tyd is naby”.
   Hoe moet ons dit verstaan?

6. LEES vers 3 [1953 vertaling].

> Salig is hy wat die woorde van die profesie lees en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

Hierdie is die eerste van die sewe saligsprekings in die boek. Lees ook die ander ses in: 14:13; 16:15; 19:9; 20:6; 22:7,14.

B. <u>ANTWOORDE</u>.

1. Die Griekse woord apokalipsis beteken apo= om iets om te keer en kalips= om binne te kyk/om iets oop te maak/om die gordyn weg te trek. So beteken openbaring dat die sluier weggetrek word [die pot se deksel opgelig word], sodat jy kan sien wat in die pot aangaan. Die naam sê dus dat in hierdie boek ’n sluier weggetrek word sodat [iets van] die raadsplan van God gesien kan word.

2. In die oorspronklike taal staan daar letterlik: “die openbaring van Jesus Christus”. Dit beteken dat die openbaring – dat Openbaring – direk van Jesus Christus kom. Van wie het Hy dit ontvang? God het die openbaring vir Hom gegee [1]. Om die rede is God die werklike outeur van Openbaring.
3. God gee die openbaring aan Jesus Christus;

   Jesus Christus gee die openbaring aan die engel;

   Die engel gee die openbaring aan Johannes;

   Johannes gee die openbaring aan die voorleser;

   Die voorleser gee dit aan die gemeente.

   Hieruit word dit duidelik dat die evangelie bedoel is om oorgedra te word. Daar is nooit ’n eindpunt nie. As jy die eindpunt is, pleeg jy verraad.
4. Hier is twee woorde wat baie klem dra:
   Die een is, **moet**.
   Die ander een is **binnekort** of **gou**.
   Die woord *moet* wys daarop dat God se Raad onveranderd is. Dinge wat besluit is, sal en moet uitgevoer word. Daar is ook geen mag of ’n ander besluit wat die uitvoering daarvan kan teëstaan nie.
   Die woord *gou/binnekort* wys daarop dat die Here haastig is dat sy besluite afgehandel moet word deur Jesus Christus.
   - Dit is baie moeilik om die woordjie gou/binnekort in ons tydsbegrip te verklaar.
   - Soms beteken die woord dat iets binne ’n kort rukkie [oor min tyd] moet gebeur.
   - Ander kere beteken dit dat iets sonder versuim of sonder uitstel gaan gebeur [vgl.Joh.13:27; 1Tim.3:14; Heb.13:19 volgens 1953 vertaling].
5. Oorspronklik dui hierdie tyd op die eindtyd. Elke gelowige word hier geplaas voor die huidige bestaanswyse van alle dinge. Hierdie einde sal aanbreek met die wederkoms van Jesus Christus.
   Hierdie tyd is *naby*. Dit beteken dat my verhouding met God vandag gaan bepaal wat my posisie voor Hom gaan wees die dag wanneer ek sterf of wanneer die wederkoms aanbreek.

Let ook daarop dat die woorde “die tyd is naby” voorafgegaan word met die belofte: “Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees....en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan – want die tyd is naby”. Dit beteken dat gelowiges moet kennis neem van Openbaring juis omdat die tyd kort is. Bybelstudie t.o.v. Openbaring is as’t ware ’n opdrag.

So dring die woorde – die tyd is naby – ons om erns te maak met die tyd. Jou verhouding met God bepaal jou verhouding met die eindtyd.

6.

****